

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die pad van regverdiges en die pad van goddeloses. Dit is die verskil tussen die pad wat God vir ons as gelowiges maak in sy skepping teenoor die selfopgemaakte paaie van goddeloses in hulle selfopgemaakte wêreld. God maak ons die regverdiges in sy skepping wat ons lewe rig volgens sy wil in sy wet en wat goddeloses ontwig en verwar in hul eiemagtigheid.

Skriflesing Psalm 1; Romeine 3: 21 – 26

Teks Ps. 1: 6 Ja, die Here sorg vir die pad van die regverdige.

Tema God maak ons dienswerk en dienslewering volhoubaar

1. Met wie gaan dit goed en met wie gaan dit sleg?

Die Psalm sê dat dit met regverdiges goed gaan en met goddeloses sleg.

Dit is die onderskeid: regverdiges en goddeloses. Die onderskeid is nie ryk en arm, magtig en magteloos, wit en swart, gelukkig en ongelukkig, plesierig en swaarmoedig nie. Die onderskeid tussen wie dit mee goed of sleg gaan, is regverdiges en goddeloses.

Hoe gaan dit goed met regverdiges en sleg met goddeloses?

Dit gaan goed met regverdiges omdat God sorg dat hulle diens en dienslewering volhoubaar bly – soos dit gestel word, alles wat hy aanpak gedy. Dit gaan sleg met goddeloses omdat hulle 'n lewe van niksseggende oorfloed leef – waar alles doodloop. Baie kaffie wat sommer net met een wind weggewaai word!

2. Wat is die hart van die verskil tussen die lewe en lewenswyse van regverdiges teenoor goddeloses?

'n Regverdige se lewe gaan oor persoonlike aanspreeklikheid teenoor die wil van God. Die diep persoonlike aard van hierdie persoonlike verantwoordelikheid word verwoord met die uitdrukking "mymerend prewel". Mymerend prewel beteken om saggies met jouself te praat, saggies vir jouself te vra wat is volgens God se wil reg en verkeerd. Dit is soos wanneer jy daar alleen op die lande staan en soek na wat nou reg gaan wees om te doen. 'n Regverdige wat vir homself innerlik aan die wil van God in sy wet as lewenswyse en rigsgaaf vir sy optredes verbind.

Goddeloses leef 'n lewe van kollektiewe mag en eiewysheid wat verwoord word as die byeenkoms van spotters, of ook soos in 1953 vertaal, die kring van spotters. Goddeloses is spottend teen enige iets anders as die krag en slimheid van hulle kollektiewe eiemagtigheid.

3. Die diepste ontdekking in die Psalms, is dat ons, die wat in Christus Jesus glo die regverdiges van God is.

Die Psalm self stel dat die Here sorg dat vir die pad van die regverdiges. Die woord Here, in hierdie vers is die Naam van God as Verbondsgod volgens Ex. 3: 14 bedoelende God is wie Hy is, Hy is die Here van sy verbond.

God dra sorg vir die pad van die regverdige beteken nie dat God goed kyk na hulle wat reg leef nie. Sorg dra beteken dat God hulle lewe vir hom reg en regverdig laat wees binne sy verbondssorg.

Daarom beteken dit om 'n regverdige te wees nie om sonder sondes, sonder sondige neigings en sondige begeertes te wees nie. Wanneer ons as gelowiges sonde doen, maak dit ons nie goddeloses nie. Ons is nie goddeloos omdat ons ook sonde wil, begeer en daartoe geneig is nie.

Regverdig beteken om te deel en te leef in die beloftes wat God teenoor sy kinders onderneem het: om sorg te dra vir hulle pad. Hy onderneem om ons en ons lewe vir Hom reg te laat wees.

4. Dit is presies wat Christus vir ons elke dag bewerk – om God se regverdiges te wees.

Paulus kondig dit só aan in Romeine 3: 22: “Hierdie geregtigheid gee God deur die geloof in Jesus Christus aan almal wat glo.” Regverdige is mense aan wie God geregtigheid as gawe gee, nie omdat hulle alles reg doen nie, maar omdat hulle in Jesus Christus glo.

Hierdie geregtigheid bewerk Christus deur die versoeningsoffer vir al ons sondes te wees. Christus het as regverdige mens die straf van ons ongeregthede gedra sodat ons, deur te deel in wie Hy as mens is, vir God reg is.

God laat ons en ons lewe vir Hom reg wees, deur sy genade en bevryding van die eis om self regverdig te leef om 'n regverdige te wees.

U moet u self elke dag só in Christus ontdek – ek is die regverdige waarvan in die Psalms gepraat word. Ek is vir God en sy liefde reg deur Christus wat die straf vir al my ongeregthede gevat het. Omdat ek Christus hiervoor vertrou, is ek 'n regverdige. Ek en my lewe laat God vir Hom deur Christus reg wees.

5. Watter plek neem die wil van God in sy wet in mense se lewe in wat glo hulle en hul lewe is altyd vir God reg?

Hulle vind vreugde in God se wet!

Paulus kondig hierdie vreugde in God se wet aan as die nuwe tipe gehoorsaamheid wat God in ons skeep deur ons vir sy liefde reg te laat wees – geloofsghehoorsaamheid! (Rom. 1: 5) Geloofsghehoorsaamheid is om in God se wet God die wysheid te hoor vir hoe moet leef en lief hê, om sy leiding, raad en onderrig oor hoe ons moet leef en lief hê, in sy wet te hoor.

Daarom die besondere woorde vir die oordenking en soeke na hierdie wysheid, leiding en onderrig in liefde en diens met die woorde: “om die wet van die Here dag en nag te prewel, saggies op te lê vir jouself om die wysheid en raad oor liefde en lewe self te kan hoor.

Geloofsgehoorsaamheid is die soeke hoe ek God kan lief hê en dien binne sy liefde vir my wat my en my lewe vir hom altyd reg maak en reg laat wees.

Dit hoor ons in God se wet omdat ons nooit weer enige beskuldiging, verwyt, veroordeling, aanklag, verwerping of minagting van God in sy wet kan hoor nie - as mense wie God reg maak en reg laat wees vir sy liefde. Só sorg God vir die pad van die regverdiges – Hy maak die lewe vir hulle 'n pad in sy liefde waarin en waarop hulle hom vrymoedig volgens sy wil kan lief hê en dien.

Die pad van die regverdige is nooit sy eie pad waarop God net saam met hom is om hom te help nie. God help ons nie op ons eie paaie nie. Hy sorg vir die pad in sy liefde waarin ons Hom lief hê en dien. Hy maak vir ons hierdie pad. Dit is sy sorg vir ons!

Omdat Hy hierdie pad vir ons maak, is dit ons vreugde om op hierdie pad te wees!

6. Op hierdie pad, die pad wat God vir ons maak, laat God alles wat ons aanpak gedy! Hy maak ons dienswerk en dienslewering volhoubaar.

Teenoor hierdie pad wat God vir regverdiges maak, staan die self opgemaakte pad waarop goddeloses is en nêrens heen gaan nie. Hulle selfopgemaakte paaie wat doodloopstrate is. (vers 6) 'n Lewe in 'n doodloopstraat! Hulle pad word opgemaak in die byeenkoms van spotters. Hierdie byeenkoms van spotters is in die 1953 vertaal as die kring van spotters.

Waarmee spot hulle? Hulle spot God en sy wet. Hulle spot God se liefde waarin Hy sondaars reg maak vir sy liefde en hulle spot die regverdiges omdat hulle God volgens sy wet lief het.

Spot omdat hulle nie God, sy liefde vir sondaars, sy regverdigmaking van sondaars vir sy liefde en hulle liefde vir sy wet glo nie. Spot is die grappige en vermakerige wyse waarop hulle God, sy liefde en gelowiges se liefde vir Hom belaglik maak.

Hoe maak hulle vir hulle self 'n pad deur die lewe?

Die woord “byeenkoms” of “kring” wys op kollektiewe eiemagtigheid. Dit is waar hulle hulle raad, hulle wysheid, hulle rigting en koers vir die lewe vind. Hulle solidariteit in mekaar se eiemagtigheid is hulle krag, hulle motivering en hulle hoop. Hulle solidariteit in hulle kollektiewe mag gee hulle perspektief en hoop op die lewe.

Hulle raad vir mekaar is om hulle selfopgemaakte paaie te gaan en om in hulle selfopgemaakte wêreld te leef volgens hulle selfopgemaakte liefdes, wysede en begeertes.

7. Die Psalmskrywer gebruik dan twee beelde om te wys wat gebeur met regverdiges op die pad wat God vir hulle maak, teenoor wat met goddelose op hulle selfopgemaakte paaie gebeur: die beelde van vinnig vloeiende water en 'n vinnige wind.

Al twee hierdie beelde beskryf een en dieselfde saak – God se kragtige bestuur van die wêreld waarin Hy sy besluite, sy raad en sy wil elke dag met die wêreld, sy skepping besig is.

Mense moet elke dag hul lewe en planne skik volgens God se kragtige raadsbestuur van sy wêreld. Die mens moet altyd en lewenslank hul planne en werk verander om in te pas in God se bestuur van sy wêreld.

Vir regverdiges is God se besluite en bestuur van sy wêreld volgens sy raadsplan waterstrome. God se raadsplan en beskikking is die krag wat maak dat hulle blare nooit verdor nie en dat hulle altyd op die verwagte tyd vrugte dra.

God se raadsplan en besluite is egter vir die self opgemaakte wêreld en paaie van goddeloses die krag wat alles wat hulle vir mekaar opbou en aan mekaar voor vas hou, uitmekaar en deurmekaar waai. God se bestuur maak hulle selfopgemaakte paaie doodloopstrate!

Want hulle selfopgemaakte wêreld en paaie is binne God se skepping presies net dit – kaf! Die enigste krag waaruit hulle lewe – solidariteit met mekaar se magvisies, magmissies, magsbegeertes en magswense, waai God met elke raadsbesluit wat hy met sy wêreld uitvoer uitmekaar en deurmekaar. Laat hy dit doodloop! Want hulle krag en wysheid, hulle solidariteit in hulle eie wysheid, eie geregtigheid en eie krag vir hulle eie self opgemaakte wêreld – is sommer net voor God kaf!

8. U moet hierdie verskil tussen die pad van regverdiges en die pad van goddeloses elke dag in hierdie wêreld kan raaksien. Dit is die pad van persoonlike aanspreeklikheid teenoor God as regverdige binne sy liefde, en die pad van solidariteit in eie magtigheid van goddeloses! Mense wat saggies prewel om God se wil te onthou en die wysheid daarvan te herken, teenoor hulle wat met God en sy wet spot en dit belaglik maak teenoor hulle selfopgemaakte wêreld.

Die een is volhoubaar as lewenswyse binne God se besluite en bestuur van sy wêreld en die ander is 'n lewenswyse waar mense sommer net 'n koerslose klomp kaf word. Verward en verwaaid in hulle eie niksseggendheid, hulle eie nuttelosheid!

Kom ons toets hierdie pad van die regverdiges teenoor die pad van goddeloses binne die kragtige besluite en bestuur van God van sy wêreld wat ons al in ons eie lewenstyd ervaar het.

Die kring van kommuniste en sosialiste teenoor ons wat in God se liefde leef en hom volgens die wysheid en leiding van sy wet dien! Ons wat persoonlik teenoor God aanspreeklik leef in sy liefde vir ons en ons diens aan Hom!

10. Kommuniste was 'n kring van spotters. Hulle het God en sy bestuur van die wêreld, en gelowiges wat hulle lewe volgens sy wil ingerig het, met die volle mag van

die staat belaglik gemaak. Hulle het wetenskap en fabrieke die krag van hul eie wysheid, eie geregtigheid en eie selfopgemaakte wêreld gemaak. Hulle het geglo hulle is die toekoms van die hele wêreld en die hele wêreld gaan binne hulle mag inplof.

En toe?

Toe loop hulle pad dood. Plof dit sommer net in! In net eendag val die Berlynse muur in 1989. Waai alles wat Kommunisme is uitmekaar en deurmekaar, en loop dit sommer net dood. Val die hele wêreld wat op hierdie eiewysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid gebou was, in een oomblik alles inmekaar.

Toe is die kring van spotters die spot van die wêreld met die arm en korrupte wêreld wat hulle vir hul aanhangers geskep het en word Rusland 'n land wat die Ortodokse Kerk weer as kerk vir Rusland erken.

Die kerk waar mense geleer is om persoonlik aanspreeklik, saggies prewelend op soek na die wysheid en leiding van God se wet te soek. Hulle was die boom wat juis uit God se beslissings en bestuur van die wêreld weer en weer die krag gevind het om Hom te eer en te dien volgens sy wil

God se bestuur van sy skepping, het alles wat die krag en mag van Kommunisme was, rond gewaai en deurmekaar gewaai vir wat dit is – sommer net kaf!

11. Kom ons kyk nader aan onself!

Ubuntu en liberalisme was die kring van spotters wat in Suid Afrika die nuwe nasie uitgeroep het. Hulle was ook 'n kring van spotters wat godsdiens uit die gemeenskap uitgeskryf en uitgeskuif het.

Met hulle eiewysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid sou hulle die nuwe wêreld skep waar daar nie meer armes sou wees nie. Die geestelike ghoeies het in hierdie kring van spotters ingekoop met die woord “versoening”.

Ons moes ons met die eiewysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid van Ubuntu en die liberale demokrasie versoen – want dit sou al die ellende oplos!

En toe waai God se wind! God wat die wêreld bestuur volgens sy voorsienige wil en verbreek hierdie Ubuntu en liberale demokrasie net vir wat dit is – dit is niks anders as staatskaping, die plunder en vernieling van bronne, middele, die poste en instellings wat moes dienswerk wees en diens moes lewer.

Waarmee was ons as gemeente besig gewees in hierdie tyd van die kring van Ubuntu, liberale demokrasie en burgerlike versoening?

Ons was besig om te leef op die pad wat God vir ons gemaak het, die pad waarin ons in sy liefde leef en Hom dien volgens sy wet – ons was besig met ons persoonlike aanspreeklikheid teenoor God en nie met die mag van die staat nie.

Waar is ons vandag en waar is Ubuntu, die liberale demokrate en versoenaars met hulle eiewysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid – hulle is windverwaaid binne hofsaak op hofsaak binne die reg van die wêreld, God se wêreld.

Windverwaaid en verward!

12. God sorg vir die pad vir regverdiges deur hierdie wêreld. Hy laat ons in sy liefde diensbaar leef en só lewer ons vrug op die bestemde tyd.

Wat het van die kring van spotters geword met hulle nuwe landbou-gemeenskap waar die grond aan almal behoort en niemand meer teenoor God persoonlik aanspreeklik leef nie?

Ons moes aanhou saggies prewel om God se wil en leiding te soek deur peste, plaë, hael, droogtes en brande heen, terwyl een en elk hulle self verryk het uit die eiewysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid van grondeise – wit en swart.

En toe kom God se wind! Die wyse waarop die natuur eise stel aan landbou en waai al die goddelose slimmighede van hulle wat met God spot uitmekaar en deurmekaar – sodat ons elke dag sien hoe hulle nuwe kollektiewe landbou-paradys niks anders is as vervalde plase nie.

God het hulle uitmekaar en deurmekaar gewaai vir wat hulle in hulle goddeloosheid is – somer net kaf! Kaf in 'n doodloopstraat!

En ons wat persoonlik aanspreeklik gebly het om op God se pad te bly in sy liefde ene aan te hou met diens en arbeid – God het ons 'n boom gemaak wie se blare nie verwelk nie en wat vrug op sy tyd gee.

13. Hoekom sal ons skielik somer net eendag dan besluit, ons gaan nou in die kring van spotters staan en volgens hulle eiewysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid leef? Ons gaan nie meer saggies prewelend na die wysheid, leiding en rigting van God se wil in ons lewe soek nie?

Dit is verandering wat die goddelose wêreld nou van ons verwag! Ons moet in hulle lewe met hulle slimmighede inkoop en dit doen hulle nou deur die seksuele rewolusie!

Wat is die seksuele rewolusie?

Dit is dat elke mens sy eie seksualiteit volgens sy eie wysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid opmaak – en dit as sy mensereg teenoor die gemeenskap opeis. Hoe God mense geslagtelik gemaak het en hoe God 'n man en vrou in die huwelik een laat wees, word nou deur die kring van spotters belaglik gemaak.

Die soeke na persoonlike verantwoording in ons lewe vir ware liefde, ware eenheid van man en vrou wees binne die wet van God – is nou die bespotting van die wêreld.

Wat dink u gaan die wind van God met hierdie raad uit die kring van goddeloses doen? Hy het die magtige Kommunistiese wêreld windverwaaid uitmekaar gedryf, en

die magtige Ubuntu en liberale demokrasie uitmekaar gewaai met staatskaping en persoonlike aanspreeklikheid in howe.

Want dink U gaan God met die kring van spotters en hulle eiewysheid, eiegeregtigheid en eiemagtigheid met hul seksuele rewolusie doen? Niks nie! hy wat die gawe van geslagtelikheid geskep het, gaan niks doen nie? Hy sal elkeen wat met die raad van goddeloosheid sy eie selfopgemaakte verhoudings aanmekaar gesit het, uitmekaar waai en deurmekaar waai. Maar elkeen wat binne sy liefde gesoek het om Hom volgens sy wet te dien, sal gedy ook in hulle verhoudings.

Kom ons kyk na 'n meer ligte voorbeeld, sommer so om ook net 'n bietjie vir onself te kan lag. 'n Kring van spotters het sommer net eendag besluit nou tee hulle blou leeus, rooi kameelperde en pink olifante! En toe skep hulle eiemagtig hul eie wêreld met selfopgemaakte paaie na groot winste. Ons noem dit, wanneer ons nie in die waan daarvan vasgevang word nie, piramide-skemas. En wat gebeur toe binne die wyse waarop God regte ekonomie in hierdie wêreld bestuur? Een oggend teo waai god se wind hierdie klomp kaf sommer net weg.

14. Kom ons ontdek wie ons is in hierdie goddelose wêreld – God se regverdiges, bome langs waterstrome!

Kom ons leef sag prewelend op soek na die wysheid, die geregtigheid en leiding van sy wet – en vind in alles wat God met sy wêreld doen ons krag.

Kom ons sien hoe kaf altyd kaf bly! Hoe kaf altyd sommer net 'n doodloopstraat is! Wat word kaf as dit op 'n ander plek weer op 'n hoop gejaag word – 'n boom langs waterstrome? Bly wat op 'n nuwe plek op 'n nuwe hoop gewaai is, is en bly net net kaf! Net weer kollektiewe magtigheid wat niks blywend bewerk nie.

Kom ons begin weer sien waarom die regte onderskeid in hierdie wêreld gaan! Nie wit en swart, ryk en arm, magtig en magteloos, aansienlik en onaansienlik, belangrik en onbelangrik, mooi en lelik, of oud en jonk nie, maar regverdig en goddeloos!

Kom ons ontdek dat God ons die regverdiges gemaak het in Jesus Christus en vir ons altyd 'n pad sal maak deur die goddeloses se selfopgemaakte wêreld binne in sy skepping, die pad waarvoor Hy sorg dat ons in sy liefde kan leef en Hom volgens sy wil kan dien!

“Ja, die Here sorg vir die pad van regverdiges, maar die pad van goddeloses loop dood.”